

7 Julie

Skrifgedeelte: Hosea 4:1-5:14

Woorde wek maar voorbeelde trek

Ghandi het op 'n keer gesê: Ek hou van Christus maar ek hou nie van Christene nie. Die rede daarvoor is die volgende, sê hy: Ek sien Christus nie in die Christene se lewe raak nie. Dit wat die Christene sê en dit wat hulle doen is twee verskillende dinge.

Die volk het daarin geroem dat hulle God se verbondsvolk is, maar kyk hoe leef hulle (4:1,2)! 'n Mens sou nooit kon sê dat hulle die volk van die Here is nie. In plaas daarvan dat hulle die heidene met hulle lewens na God toe trek (HK Son 32), het hulle die naam van die Here in oneer gebring.

Die tragiese is nou: die volk het nie geweet dat hulle verkeerd lewe nie, want hulle leiers, die priesters, die gesinshoofde en die koningshuis het hulle mislei. Die priesters het die wet van God so verdraai dat hulle gedink het hulle is op die regte pad (4:6). Die gesinshoofde en koningshuis het met die voorbeeld wat hulle gestel het, die volk verlei om afgode te aanbid (5:1-3).

Hulle het dit baie subtiel gedoen. Die volk het nie besef dat hulle van die Here weggelei word nie. 'n Dier gaan mos nie moedswillig in 'n wip of 'n vangnet of 'n vanggat inloop nie (verse 1 en 2)! Al wat die volk gedoen het, was om in die voetspore van hulle leiers te loop. Die gevolg is dat hulle al hoe verder van die Here af weggeloop het.

As gelowiges het ons 'n geweldige verantwoordelikheid. Mense kyk na ons. Met jou lewe kan jy mense van God vervreem, maar met jou lewe kan jy ook jou naaste vir Christus wen (HK Sondag 32).

Sing: Skrifberyming 50:1,7

Ds CS Grobler (Stellenbosch)